

8 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 1:8-32
Fokusgedeelte: Romeine 1:16, 17

Trots op God se goeie nuus

Romeine 1:16 en 17 is kernverse wat in werklikheid vir ons die brieftema uitspel: verswoorde wat die mees lewensveranderende waarheid wat God ooit in mensehande gegee het, bevat – trots op die evangelie. Paulus skaam hom nie oor die Bybelboodskap nie, want, sê hy: dit is 'n krag van God tot redding. En met hierdie opmerking bring die apostel ons opnuut in die binneste heiligdom van God se woorde aan die mens.

Die evangelie is letterlik “die dinamiet van God”. En die krag lê in dit wat die evangelie bewerk. In die plofslag bewerk dit verandering, die blye boodskap ruk mense tot nuwe insigte. Daarom is ons saam met Paulus trots en glo ons van harte. Die krag van die evangelie is ons enigste hoop op ware vernuwing en verandering in die kind van God se lewe. En terwyl die wêreld trots is op eie kragte, sê elke gelowige: “... want God is my 'n skild, die weerkrag van my lewe ...”

Ons is trots op die evangelie, want dit is 'n krag tot redding, wat letterlik “bevryding” beteken – bevryding van die ergste, die straf op die sonde wat die geestelike dood is. Redding deur Jesus Christus is Gods kragtige hand wat Hy uitgesteek het om ons raak te vat en op te tel. Hy het ons bevry van verlore wees, van Gods oordeel en sy straf; bevry van die donker van die sonde, van verlore en alleen en eenkant wees; bevry van sonder God te wees. Vir 'n nietige mens kan daar geen wonderliker nuus wees nie. Dit is God se nuus en boodskap in Christus Jesus wat as Middelaar elke woord met sy lewe bevestig het.

Is jy skaam om hierdie boodskap oor te vertel en uit te leef? Dié krag is tot redding vir elkeen wat glo! Ek mag weet dat my geloof geen voorwaarde is nie, maar 'n gawe van God. Die krag van die evangelie bewerk die geloof in my as die saad van die geloof, deurdat die plofkrag van die goeie nuus in my hart en lewe tuiskom.

Is jy skaam of trots op die evangelie? In die krag van God se genade durf jy sê: Ek skaam my nie vir die evangelie nie – nooit nie! Loof God, loof sy Naam (sy evangelie) alom.

Sing: Psalm 45:1, 2, 16

Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)